SÊ JOU SÊ!

STAD KAAPSTAD HERSIEN DIE BELEID OOR ONTWIKKELING-SHEFFINGS VIR INGENIEURSDIENSTE

Die Stad Kaapstad hersien tans sy beleid oor ontwikkelingsheffings wat destyds op 29 Mei 2014 deur die Raad goedgekeur is.

As een van die metropolitaanse gebiede in die land wat die vinnigste groei, lok die Stad toenemend nuwe ekonomiese investering. Hierdie nuwe ekonomiese groei het 'n impak op noodsaaklike ingenieursdienste en infrastruktuur wat vir volhoubare ekonomiese groei verlang word.

Met hierdie beleid wil die Stad sy finansiële volhoubaarheid verseker deur 'n ontwikkelingsheffing op alle nuwe aansoeke om grondgebruikregte wat 'n verhoogde las op eksterne munisipale ingenieursdienste plaas. Die beleidsbeginsels is hersien om te verseker dit is in pas met nuwe beplannings- en wetgewingsbeginsels in 'n uiters dinamiese omgewing en om relevant in die industrie te bly.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, bied die Raad die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid om vanaf 6 Augustus 2018 until 6 September 2018 kommentaar, aanbevelings of insette oor die beleid aan die munisipaliteit te rig.

Kommentaar, insette en aanbevelings kan soos volg ingedien word:

- Per e-pos aan transport.info@capetown.gov.za Per skriftelike voorlegging gepos aan: Private Sak X9181, Kaapstad 8000. Merk jou korrespondensie asseblief vir aandag: Die gebiedsbestuurder: portefeulje vir geïntegreerde vervoer: batebestuur en instandhouding, Johan Snyman
- Webwerf: www.capetown.gov.za en beweeg af na die afdeling "Sê jou sê"

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit ander benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan lewer nie, help om hulle insette of kommentaar aan te teken en aan die Stad voor te lê. As jy sodanige hulp verlang, kontak die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname:

Vir benadeelde persone:
Zandile Mahlasela: 021 400 5501 of zandile.mahlasela@capetown.gov.za

Die beleid is op die Stad se webwerf beskikbaar: www.capetown.gov.za/haveyoursay, by subraadskantore en Stadsbiblioteke.

LUNGELO MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
100/2018

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.